CHRISTO RYAN - PROFIEL

My naam is Christo, en al my vriende noem my Woema. Ek is getroud met Jenè en ons seuntjie, Leander, is in April 2010 gebore!

Ek is sedert 1994 voltyds in Jeugbediening. Het vir die VCSV (CSV) vanaf 1994 tot 2003 gewerk as Provinsiale Organiseerder in Mpumalanga en is sedert Junie 2003 by Morelatapark Gemeente verantwoordelik vir die Tieners. Ek het ‘n passie vir tieners en mense en kan myself nie sien sonder om gedurig tussen ‘n klomp tieners te wees nie – hulle ‘energize’ my!

Ek is baie lief vir sport en my gesin. Ek hou van die buitelewe en om lekker saam met vriende te kuier, is mal daaroor om nuwe mense te ontmoet en om in te bou in mense se lewens. My lewensuitkyk is om hoop te bring en om mense te bemoedig om nader aan Jesus te lewe. Ek glo dat die Bybel die Lewende Woord en gesag van God is en dat ons in ‘n lewende verhouding met die Drie-enige God moet staan. Jesus is my vriend en Verlosser! Hy is 100% deel van elke faset van my lewe – ek kan Hom nie losmaak van my nie!

Ek het deur die jare geleer dat tieners eintlik net iemand soek wat ‘n verhouding met hulle sal bou en wat na hulle sal luister sonder om hulle te veroordeel. As ons dit regkry, dan maak jy ‘n vriend/in vir ‘n leeftyd…